# Lees en Leesgereedheid

## Leesgereedheid

Dit is belangrik dat voordat met formele lees begin word om seker te maak dat u kind wel leesgereed is.

Visuele en ouditiewe diskriminasie speel 'n uiters belangrike rol by die aanleer van lees.

Visuele diskriminasie vereis 'n vermoë om te kan vergelyk, klassifiseer en ooreenkomste en verskille te kan onderskei. Ouditiewe diskriminasie stel die kind in staat om verskille en ooreenkomste in letters en woorde te kan hoor.

Kinders met die probleme sal sukkel om letterklanke te onthou of om klanke saam te voeg om 'n woord te vorm. (Oefeninge om visuele en ouditiewe diskriminasie by u kind te verbeter is op LeerAfrikaans123 se webwerf beskikbaar.- Saam met ander perseptuele vaardighede wat belangrik is vir die aanleer van lees.)

**<u>Leesgereedheidsprogram:</u>**

1. Gebruik "Ek leer lees - klankkaarte a-z en die klinker klankkaarte.

Hierdie klankkaarte help met:

- **<u>Oefening van oogbewegings van links na regs</u>**.
- Versterking van oogspiere.
- Visuele diskriminasie: Herkenning van letters.
- Ouditiewe diskriminasie: Hoor van klanke in woorde: Begin, middel en eind klanke.
- Leer van die alfabet/klanke.
- Toevallige lees.
- Lees van prente.
- Voorgrond-agtergrond diskriminasie.
- Middellyn –kruising.
- Die maak van assosiasies.

2. Ek leer lees met prente. (Prente

3. My eerste alfabet boekie. (Uitbreiding van woordeskat.)

4. Gebruik ook perseptuele vaardighede boekies om u kind te help om leesgereed te word.


- Ouditiewe en visuele waarneming van ooreenkomste en verskille
- Klassifisering volgens kleur, vorm, tekstuur, grootte en groepsoorte (diere, groente, vrugte)


5. Gereedmaking vir lees deur middel van
   - Uitbreiding van die kind se woordeskat deur vertellings van stories, rympies, dramatisering, speletjies en uitstappies en
   - spesifieke oefeninge vir die bevordering van visuele en ouditiewe persepsie.
   - Onthou en oordra van boodskappe.

**<u>Nog oefeninge wat u met u kind kan doen.</u>**

**<u>Links / Regs Diskriminasie</u>**







_ Maak 'n rooi sirkel om die voertuie en die mannetjies wat na regs beweeg en 'n blou sirkel om die voertuie en mannetjies wat na links beweeg.


Rescue



<u>**Ouditiewe Diskriminasie**</u>

_ Letter Formasie – Fyn Koördinasie: Sê die woord en skryf die klank wat jy laaste hoor.

| | | |
|---|---|---|
| s m k | b k m | k m t |
|  |  |  |
| v l n | k t r | r m n |
|  |  |  |
| s l m | s t m | s g r |
|  |  |  |

<u>**Ouditiewe Diskriminasie**</u>

Sê die woord. Omkring die laaste letter wat jy hoor.

**<u>Ouditiewe Diskriminasie</u>**

Fyn Koördinasie


_ Kleur die prente in wat met 'n o begin.
























## Logiese Denke

_ Trek 'n streep deur die prentjie wat pas by die een in die blokkie en sê hoekom dit pas.

Nog oefeninge vir die ontwikkeling van oogbeweging van links na regs.

# Die seun jaag die hond.

# Die hond jaag die kat.




Die kat jaag die muis.




Die muis hardloop na sy huis.


# Aksie woorde  - Maak kaarte met aksie woorde.




staan



loop




sit



hardloop




spring



slaap




lees




lê

Leerder doen die aksies. Later word die woorde van die prente verwyder en die leerling moet die woorde by die prente pas. Hulle moet ook die aksie kan uitvoer deur net na die woorde te kyk wanneer dit vir hulle geflits word.

# Posisie in die ruimte

**1. Onderwyser pak die woorde by die regte posisie.**



| | |
|---|---|
| agter | onder |
| op | voor |

**2. Leerder voer self opdragte uit:**

Staan voor die tafel.

Staan op die tafel.

Sit onder die tafel.

Staan agter die tafel.

**3. Later word die woord, wat posisie aandui, van die prent verwyder. Die leerder moet nou self die woorde by die korrekte posisie pas.**

**4. Later kan die woorde in sinne toegepas word.**

**(Sien voorbeelde op volgende bladsy)**

Die kat slaap op die tafel.

Die kat slaap onder die tafel.

Die kat slaap agter die tafel.

Die kat slaap voor die tafel.

# Formele Lees

A. Lees of vertel die storie (Zak die kat) aan die leerder.
B. Bespreek elke prent met die leerder.
C. Gebruik sinstroke en plaas dit by prente. (Begin met drie/vier sinstroke.)
D. Vertel weer die storie en plaas elke keer die sinstroke by die prent.
E. Vertel storie en nou plaas die leerder die sinstroke by die korrekte prente. (Slegs eerste drie/vier sinstroke.)
F. Die leerling kry nou sy/haar eie sinstroke.

G. Die onderwyser flits die sinstroke en leerder soek sinstroke wat by die onderwyser sin pas.
H. Onderwyser flits die prent en die leerder moet nou die korrekte sinstroke by die prent uitkies.
I. Leerder lees elke keer die sinstroke eers saam met die onderwyser en dan op sy/haar eie.

**Aanleer van woorde.**

A) Nadat drie/vier sinne aangeleer is, word begin om die sin in woorde te ontsluit.

B) Neem die eerste sin wat die leerling geleer het en knip die sinstroke in drie aparte dele.

| Wie | is | dit? |
|---|---|---|

C) Laat die leerder nou weer die sinnetjie opbou met die woorde.

D) Laat die leerling die sin lees.


E) Vra vrae soos die volgende:

→ Watter woordjie sê ons eerste?

→ Watter woordjie sê ons laaste?

→ Watter woordjie is in die middel?

F) Die leerder wys die verskillende woorde in sy/haar leesboek aan deur middel van 'n "venstertjie". Plak die venstertjie op 'n stewige karton.



G) Plaas alle woorde wat u reeds aangeleer het in 'n houerjtie. Flits woorde een vir een vir leerder en hy/sy moet die woorde uit sy/haar houertjie uithaal.


H) Laat die leerder nou sinne bou met die los kaartjies.

I) Flits nou woorde en leerder lees die woorde.

J) Leerder kan ook woorde uitpak op vloer en soos hy/sy dit uitpak elke woord lees.

**<u>Die aanleer van klanke</u>**

A) Neem een van die kaarte en knip die letters los terwyl die leerder toekyk. Vra dan die leerder om die woorde/e weer op te bou.




B) Laat die leerling die woord lees.

C) Vra vrae soos die volgende:

→ Watter klank hoor ons eerste?

→ Watter klank hoor ons laaste?

→ Watter klankie hoor ons in die middel?

Nadat die leerlinge drie/vier sinne in woorde en klanke ontsluit het, kan die onderwyseres met die volgende vier sinne begin.

Soos die onderwyseres woorde aanleer wys die onderwyser die leerder op kombinasies. Die kombinasie word op 'n bord/muur geplaas met voorbeelde van nog woorde. So word die leerder bewus gemaak van verskillende klanke wat saamgevoeg word om 'n nuwe klank te vorm. Bv. w ie.

Sodra met klanke begin word, word die leerder sommer die hoofletter ook gewys. Hulle skryf egter nog net die kleinletters.

**Klankkaart**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| a | m | r | s | k |
| aa | e | t | n | h |
| ee | l | p | o | d |
| ie | v | w | b | oe |
| y | ou | f | i | g |
| j | u | ui | eu | uu |
| ei | ng | y | | |

Die klanke word sistematies aangeleer.  Gebruik klankkaarte a/e/i/o/u en alfabet boekie om hiermee te help.

Volgens hierdie kaart kan die leerder verskeie woorde bou met die eerste vyf klanke;

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| mak | kam | sak | kar | ras |

As hy die –aa- by leer, kan hy nog meer woorde bou.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| maak | raam | saak | kaas | maar |
| raas | saam | Saar | aar | |

So brei die leerder se leeswoordeskat aansienlik uit.

Plaas die klanke wat die leerder reeds aangeleer het in 'n houer.

Namate die leerder vorder, word die nuwe klanke in die houer geplaas vir verdere oefeninge in woordbou.

Sodra leerder al die woorde kan lees wat in storieboek is kry hy die storieboek om te lees en dan kan die werkboek gedoen word.

Ek hoop dat dit jou sal help.

Groete

Marlene

LeerAfrikaans123